# Begeerte na God



**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**
**2022-05-22**

2Kon 4:1 En 'n sekere vrou uit die vroue van die profete-seuns het
na Elísa geroep en gesê: U dienaar, my man, is dood, en u weet self
dat u dienaar die HERE gevrees het; nou het die skuldeiser gekom
om my twee kinders vir hom as slawe te neem. 2 Toe sê Elísa vir
haar: Wat kan ek vir jou doen? Gee my te kenne wat jy in die huis
het. En sy antwoord: U dienares het glad niks in die huis nie,
behalwe 'n flessie met olie. 3 En hy sê: Gaan leen vir jou van
buite af kanne, leë kanne van al jou bure; leen nie te min
nie. 4 Gaan dan in en sluit die deur agter jou en jou seuns toe, en
giet in al daardie kanne en sit weg wat vol is. 5 Sy het toe van
hom af weggegaan en die deur agter haar en haar seuns
toegesluit; en terwyl hulle vir haar aanbring, giet sy in. 6 Sodra
die kanne vol was, sê sy aan haar seun: Bring vir my nog 'n kan
aan; maar hy antwoord haar: Daar is geen kan meer nie. Toe gaan
die olie staan. 7 Daarop kom sy om dit die man van God te kenne
te gee; en hy sê: Gaan verkoop die olie en betaal jou skulde; van
die orige kan jy en jou seuns dan lewe.

## Die Here wil jou seën

2 Toe sê Elísa vir haar: Wat kan ek vir jou doen? Gee my te kenne wat jy in die huis het. En sy antwoord: U dienares het glad niks in die huis nie, behalwe 'n flessie met olie.

- **Wat kan Hy vir jou doen?**
- **Wat het jy by jou?**
- **God wil hê jy moet ook iets doen.**

## God se instruksies

3 En hy sê: Gaan leen vir jou van buite af kanne, leë kanne van al jou bure; leen nie te min nie. 4 Gaan dan in en sluit die deur agter jou en jou seuns toe, en giet in al daardie kanne en sit weg wat vol is.

- **Baie spesifiek – luister na Hom**
- **Manier om te vermeerder is om te gebruik.**
- **Sy moes self olie uitgiet**
- **Onthou wie God is**



## Leë kanne

3 En hy sê: Gaan leen vir jou van buite af kanne, leë kanne van al jou bure; leen nie te min nie.

- **Wat is nou in jou houers?**
- **Wat moet jy uithaal? (Ps 139:23)**
- **Opofferings**
- **Te vol van onssself?**



## Begeerte na God

6 Sodra die kanne vol was, sê sy aan haar seun: Bring vir my nog 'n kan aan; maar hy antwoord haar: Daar is geen kan meer nie. Toe gaan die olie staan.

- **Leen nie te min nie**
- **Die olie het bly vloei solank as wat daar 'n leë kan was om dit te ontvang**
- **Olie gaan staan toe die kanne vol was**
- **God se heerlikheid is beskikbaar**
- **Hoe lyk ons gebedstyd?**

## Afsluiting

Psa 42:2  Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God!

- **Waar God teenwoordig is, vind daar seëninge plaas. (2 Sam 6:11-12)**

